

Jesaja – Die Here se heel nuwe optrede (43:14-21) – Francois Malan

43:14-15 Die voorspelling in 14b oor wat die Here gaan doen, word omsluit met name van die Here (14b,15) wat alles begin en deurvoer onder sy hand. 'So sê die Here (Jahweh) julle Losser (*go'al*, wat as julle Helper in nood julle gaan loskoop, 43:3), die Heilige van Israel (die God wat in liefde aan Israel toegewy is, 43:4)...Ek is die Here (Jahweh wat aktief teenwoordig is), julle Heilige (Toegewyde aan julle), Skepper van Israel (julle hele bestaan is van Hom afhanklik), julle Koning (wat julle verwerp het, 1 Sam 8:7; maar nog altyd julle Koning gebly het).'

'...om julle ontwil, gaan Ek (vir Kores) stuur na Babel (Dooie See MS: teen Babel), en al die geslote hekke (hulle teenstand) afbreek, en die Galdeërs (die Griekse naam vir 'n nomandestam in die suide van Babilonië waaruit Nebukadneser gestam het) se vreugdeuitroepe met klaagliedere (vervang?)'

Kores gaan Babel verower. Dit sal gebeur om die Here se besluit uit te voer, en geskied om Israel se ontwil, sodat hulle verlos kan word. Elkeen van die Here se Name is in die gedrang as dit nie geskied nie. Maar elkeen van die Name van die Here is 'n waarborg dat dit sal geskied, en dien as bewys dat die Here God is, op wie Israel en die nasies kan vertrou. Met die Name identifiseer die Here Homself aan Israel terwyl Hy sy wêreldwye invloed en mag demonstreer.

43:16-17 Hierdie tweede 'so sê die Here' inleidingsformule lei tot een van die mees uitdagende en skouspelagtige bevestigings van Jesaja. Israel se wortels is geleë in hulle geheue oor die oergeskiedenis, van die Here se skeppingswerk, sy verbond met Abraham toe Hy Israel geskep het (43:1,15) en sy verlossing

met hulle uittog onder Moses, soos dit in vers 16-17 beskryf word, en wat hulle onthou as die wonders van die Here, bv. hulle deurtog deur die Rietsee en verlossing uit die hand van Farao se leër wat op die strand uitgespoel het (Eks 14:30), 'uitgedoof soos 'n lamppit' – militêre mag bepaal nie die Here se einddoel nie. Dit alles bevestig dat die Here hulle daaglik lei en liefhet van die ou tyd af, en hulle kan seker wees dat Hy dit nou weer gaan doen, maar op 'n nuwe manier (43:14).

43:18 Die ou dinge verbleek by wat die Here nou gaan doen, daarom moet hulle vanuit God se nuwe pad van verlossing anders begin lewe. Die oue is slegs die waarborg dat die Here hulle nou op 'n nuwe wyse gaan verlos.

43:19a 'dit staan op die punt om te gebeur,' letterlik: 'nou sal dit uitspruit' of: 'nou spruit dit uit;' 'julle kan dit al sien kom' (in 42:9 staan: Ek kondig nuwe dinge aan voordat dit uitspruit) – die ballinge kan al Kores se suksesse teen Babel en Klein-Asië sien, en moet begin besef die Here hulle gaan verlos deur Kores wat deur die Here gestuur is om Israel se ontwil (43:14).

43:19b-21 beskryf die nuwe wat kom as 'n nuwe eksodus vir Israel, wat nie tot een klein volkie beperk is nie, maar dit is 'n wêreldwye verandering, wat selfs die skepping omskep: woestynwêreld word 'n waterryke lushof met riviere wat lewe moontlik maak en uitvloei na ander gebiede (vgl 35:6-7; 41:18-19). Die Skeppergod gaan die hele skepping vernuwe en herstel. Baie diere gaan daarby baat vind, selfs die jakkalse en volstruise, maar die fokuspunt is 'my volk, my uitverkore volk' om hulle 'dors te les,' om hulle te versorg.

Die profete sien gewoonlik verskillende agtereenvolgende bergspitse sonder om die dale tussen die reekse te kan bepaal. So word hier geprofeteer oor Israel se terugtog waarop die Here hulle gaan versorg, maar die verre bergspitse van die nuwe aarde sal wel later kom.

'Die wilde diere sal My vereer' – hulle vreugde oor die water wat hulle ruik laat hulle runnik tot eer van die Here (vgl. Ps 147:9). Maar eintlik is die doel van die Here met dit alles dat sy volk sy lof sal verkondig. Daarvoor het Hy sy volk gevorm, ook deur die ballingskap se verdrukking heen – soos die pottebakker sy klei trap tot dit plooibaar is (41:25; 43:7); daarvoor het die Here Israel geskep en daarvoor gaan Hy hulle verlos – om Hom te loof met hulle lofsange en hulle lewenswyse. Die ware nuwe ding is om die Here se volk te wees, 'n vreugdevolle aanbidende gemeente van die Here in Jerusalem.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Inspirasie deur die Heilige Gees .

Inspirasie deur die Heilige Gees. – Herman Grobler

Ons twyfel geensins daaraan dat die skrywers van die Nuwe Testament deur die Heilige Gees geïnspireer is nie. Die vraag is hoe ons dit moet verstaan.

Volgens Joh.14:26 kom die Heilige Gees die apostels alles leer en herinner aan Jesus se woorde en in Joh.16:13 dat Hy hulle in die volle waarheid sal lei. In Luk. 24:45 open Jesus die verstand van die dissipels om die skrif te verstaan. Paulus skryf in 2 Tim. 2:7 dat dit die Seun van God is wat ons verstand gegee het om die ware God te ken. So het die Heilige Gees aan die skrywers van die Nuwe Testament die insig gegee om die Ou Testament te verduidelik en toe te pas in die lig van Christus se dood en opstanding. Wanneer Paulus raad gee oor die huwelik, sluit hy dit af met die

opmerking in 1 Kor. 7:40 *“...en ek meen dat ek ook die Gees van God het.”*

Oor die betrokkenheid van die Heilige Gees in die lewe en werk van die apostels, is daar geen twyfel nie. Kom ons egter by skryf van die Nuwe Testament self, bestaan daar twee standpunte.

Die een siening is dat die Heilige Gees woord vir woord gedikteer het, en dat die Bybelskrywers soos 'n tikmasjien net die woorde neergeskryf het. Dit word die meganiese inspirasieleer genoem. Dit sou beteken dat die skrywers van die Nuwe Testament self geen aandeel in die bewoording van die tekste gehad het nie. Dit sou ook beteken dat letterlik elke woord van die Heilige Gees afkomstig moes wees. Verder sou dit daarop neerkom dat die Bybelskrywers gereduseer word tot willose skryfmasjiene. 'n Woord-vir-woord inspirasie-benadering slaag nie daarin om die uniekheid van elke skrywer se werk te verklaar nie. Die uiteinde van hierdie benadering sou beteken dat ons elke woord van die oorspronklike geskrif (outografie) moet vasstel om seker te wees van wat God ons wou meedeel.

Die ander benadering is die organiese inspirasieleer. Hiervolgens het die Heilige Gees van binne in die skrywers se eie gees, gemoed en verstand gewerk, en hulle só geïnspireer om neer te skryf wat God wil hê ons moet lees. Dit verklaar waarom die skrywers se eie taalvoorkeure, eie gawes, talente en skryfstyl in hul geskifte duidelik sigbaar is. God het in Sy alwysheid besluit om die mens in te skakel in Sy hele verlossingsplan en selfs die bekendmaak van Sy wil. Van die begin af was Hy bewus van die mens se feilbaarheid en foute. Van die begin af het Hy die mens toegelaat om, ten spyte van foute deel te wees van die bekendmaak van Sy wil. Hoe ook al, ons aanvaar die Nuwe Testament sonder enige twyfel as Woord van God, gelyk in gesag met die Ou Testament.

In die oorskryf van die oorspronklike geskifte het God ook die mens met foute en al ingeskakel. Ook hierin het die Heilige Gees steeds gewaak oor sy Woord. Daarom is daar, ten spyte van letterlik duisende verskilletjies, geen twyfel aan die wil van God self nie. Ook in die oorskryf het daar foute ontstaan, maar God het genoeg manuskripte vir ons laat bewaar sodat ons vandag genoeg materiaal het om die oorspronklike woorde te kan bepaal. Ons hoor die Wil van God ten spyte van menslike oordragfoute, soos 'n Predikant wat homself verspreek. Die Gees van God laat Hom nie bind deur die menslike foute nie – selfs nie in die hele ketting van neerskryf, kopieer en vertaal van die Woord nie.

Kenner van die Bybelgeskrifte wys vir ons daarop dat die verskillende manuskripte tot ons beskikking, soms verskil. Ons sien hierdie verskille ook in die verskillende uitgawes van die Bybel in Afrikaans. Daar is mense wat hierdie verskille wil misbruik om ons aan die egtheid van die Bybel te laat twyfel. En tog is daar geen antieke geskrif wat deur meer of beter bewyse gestaaf word, as juis die Nuwe Testament nie. Wanneer ons eerlik en objektief na die ontstaan van die Nuwe Testament kyk, vind ons logiese antwoorde wat die meeste van ons twyfel en kommer beantwoord. As ons al die aspekte in ag neem, kan ons makliker verstaan hoekom daar verskille ontstaan het. Dit help ons om die verskille te evalueer. Só kan ons met feitlik totale sekerheid, elke woord van die oorspronklike geskrif bepaal.

In ons uitdaging om die oorspronklike teks so getrou moontlik te herkonstrueer, moet ons met 'n oop gemoed alle moontlikhede ondersoek. Daarby moet ons ook die werklikheid van hoe die eerste lesers en kopieerders die geskrifte van die Nuwe Testament gesien het, in ag neem. Die rol van die Heilige Gees as Inspirator moet ook in ag geneem word. Ook in die evaluering van die verskille is die Heilige Gees steeds betrokke. God waak oor Sy Woord. Ook in die vertaal daarvan in ons moderne tyd en moderne tale. Niemand hoef ooit te twyfel aan wat God self aan ons bekend wil maak nie.

Skrywer: Herman Grobler

Wanneer moet ons in die Ou Testament met hoofletters aandui dat 'n profesie ook na

Jesus verwys?

Wanneer moet ons in die Ou Testament met hoofletters aandui dat 'n profesie ook na Jesus verwys? – Herman Grobler

Vir baie van ons is hierdie 'n sensitiewe saak, maar watter implikasies kan dit inhou? Hoe moet ons daarvoor oordeel?

Wanneer ons in die Ou Testament met Skrifgedeeltes te doen het wat in Christus vervul word, is daar 'n belangrike oorweging wat in ag geneem moet word. Die Ou Testament bestaan uit boeke wat in die eerste plek in sy tyd 'n rol en vervulling gehad het. Ek verkies om daarna te verwys as die grondvlak waarop dit staan. In Jesaja 7:10-13 het ons 'n duidelike gesprek tussen Jesaja en koning Agas waarin die Here vir Agas opdrag gee en as't ware uitdaag om 'n teken te vra wat die oorwinning oor die Arameërs sou bevestig. God het dit immers belowe! Wanneer Agas nie die moed het om 'n teken te vra nie, gee die Here self aan hom 'n teken, in vers 14-16. Die teken is dat 'n jong vrou wat nog nooit gebaar het nie, haar eerste seuntjie sal hê. Die profesie was dat Aram en Efraim vernietig sou word nog voordat hierdie seuntjie groot genoeg is om tussen goed en kwaad te onderskei. Wie presies hierdie seuntjie was, weet ons nie met sekerheid nie, maar dit was 'n werklike gewone seuntjie wat gebore is, groot geword het en gesterwe het. Voordat hy so vyf of ses was, het die Here die Arameërs verslaan en is hierdie belofte vervul. As dit nie destyds gebeur het nie, het die Here mos deur Jesaja aan Agas 'n valse belofte gegee.

Vanuit die Nuwe Testament kom iets anders na vore. Matteus haal hierdie selfde teken aan as 'n profesie wat hy op Jesus se geboorte toepas. Dit is die dieper vlak van die oorspronklike profesie wat aan Agas gegee is. Matteus wys daarop dat 'n jongvrou wat nog nooit omgang met 'n man gehad het nie, 'n kind sal hê. Die lewe wat in haar verwek word, is uit die Heilige Gees. Hy is ons Verlosser, Jesus die Seun van God.

Die vraag is nou hoe ons die Ou Testament moet sien en vertaal. Hierdie profesie is immers op 'n dieper vlak in Jesus vervul. Moet ons dit nét as 'n profesie oor Jesus sien? Of moet die profesie in Jesaja steeds sy oorspronklike historiese betekenis behou? Dit was tog 'n direkte belofte wat werklik in Agas se tyd vervul is. Indien ons die woorde wat na die seuntjie verwys, in Jesaja met hoofletters skryf, skakel ons óf daardie seuntjie en belofte uit, óf maak ons van hóm een of ander Goddelike wese, wat tog nie kan nie.

Moet ons alle verwysings in die Ou Testament wat óók na Jesus verwys, of profesieë wat op 'n dieper vlak óók in Jesus vervul word, met hoofletters skryf?

Wat sou jy doen as dit jou taak was om die nuwe Bybel te vertaal?

Hoofletters wanneer na Jesus verwys word, of nie?

Hoofletters wanneer na Jesus verwys word, of nie? – Herman Grobler

Wanneer 'n Bybelvertaler besig is om die Bybel te vertaal, word hy telkens gekonfronteer met vrae wat op die oog af maklik vanuit ons gevoel beantwoord kan word. Maar wanneer ons 'n bietjie dieper dink is dit nie so eenvoudig nie. Wanneer moet hy hoofletters gebruik, en wanneer nie?

Om hierdie vraag te antwoord moet ons die beginsel daaragter verstaan. Ek verduidelik dit met 'n kontemporêre voorbeeld:

'n Joernalis voer 'n gesprek met iemand wat hy nie ken nie. Hier is wat gebeur het:

Eers 'n ent in die gesprek in, besef die joernalis dat hy met 'n predikant praat. "Ekskuus, dominee, ek het nie besef u is 'n dominee nie, en ek het u sommer 'gejy' en 'gejou'! Vergewe my asseblief."

As 'n verslaggewer nou 'n berig oor hierdie gesprek moes voorberei, moet hy skryf: "Die joernalis vra die dominee toe: 'meneer, waar het jy toe jou opleiding ontvang?'" Of moet die verslaggewer skryf: "Die joernalis vra die dominee toe: 'Dominee, waar het u toe u opleiding ontvang?'"

Moet die verslaggewer die woorde van die joernalis aan die

dominee by latere kennis terugskouend aanpas, of by die direkte werklike woorde bly wat gebruik was? Dit is die kern van 'n belangrike probleem by die verstaan en vertaal van die Bybel.

Moet die vertaler die direkte woorde wat iemand sou gebruik het, aanpas omdat ons vandag besef met wie of van wie gepraat is?

Kyk na die vrou by die put. Aan die begin kon sy nie besef het wie Jesus was nie. Daarom sou sy Hom "gemeneer", en "gejy" en "gejou" het. Maar terugskouend weet ons Wie dit is met Wie sy gepraat het! Moet ons haar woorde aanpas, of by die woorde bly wat sy werklik sou gebruik het?

Die Griekse woord "*Kuriè*" word gebruik as die gewone aanspreekvorm "meneer", maar ook as "Here". Destyds was daar ook geen hoofletters en kleinletters om onderskeid tussen die twee te kon maak nie. Hoe sou die vrou by die put vir Jesus aangespreek het? Elke keer beleefd as "meneer", of sou sy Hom erken het as "Here"? (Joh.4:11,15,19) Ons weet vandag dat die man met wie sy gepraat het, Jesus die Here was, maar sy kon dit tog nie geweet het nie! Wanneer ons nou hierdie verhaal vertaal, het ons 'n probleem. Moet ons aanvaar dat die vrou geweet het dat Jesus "Here" is, soos in die 1933/53 – Ou Afrikaanse Vertaling gedoen is? "*Die vrou sê vir Hom: 'Here, U het nie eens 'n skepding nie, en die put is diep; waarvandaan kry U dan die lewende water?' "* Of moet ons eerder aanvaar dat sy hierdie, vir haar onbekende persoon, beleefd as "meneer" sou aanspreek? Die 1983 – Nuwe Afrikaanse Vertaling kies die tweede moontlikheid. "*Die vrou sê toe vir Hom: 'Meneer, jy het nie eens 'n skepding nie en die put is diep. Waar gaan jy die lewende water vandaan kry?' "*

Hoe sou jy dit vertaal het?

Skrywer: Herman Grobler